

# KINDERKERK LES: Woord Studie - Gehoorsaamheid

## Doel van les:

Ons gesels hierdie kwartaal bietjie oor moeilike woorde wat in die Bybel voorkom.

## Nuwe Testament Bybelboek bewegings:

- **Matteus** - Albei hande bokant jou kop in 'n kroon en laat jou hande afsak asof jy die kroon op jou kop sit. (Koningskap van Jesus - God het finaal kom wys wie die Koning van die konings en die Heer van die Here is.)
- **Markus** - Arms af, hande gevou voor jou en kop gebuig. (Beklemtoon Jesus as DIENSKNEG van God.)
- **Lukas** - Hou al tien vingers op, maak hulle toe en weer oop - tien uit tien - (Jesus is die perfekte mens, die Seun van die Mens.)
- **Johannes** - Maak asof jy 'n baba wieg en wys dan op na die hemel. (Jesus is die Seun van God. Beklemtoon Jesus se goddelikheid. Hy is ten volle God.)
- **Handelinge** - Gebruik jou regterhand se wysvinger en middelvinger om op en af jou linkerarm te loop. (Vestiging van die kerk. Evangelie van Jesus na die uithoeke van die wêreld versprei is.)
- **Romeine** - Wys thumbs up. (Paid in full. Beklemtoon dat Jesus die gelowiges se straf ten volle betaal het. Gelowiges in die regte verhouding met God geplaas het.)
- **1 Korinthiërs** - Wys 'n 1 met jou wysvinger en slaan dan met jou regterhand jou linkerhand asof jy pak gee. (Kerngedagte: Spanking the saints. Paulus skryf aan die gemeente om vele verkeerdhede reg te stel waarmee die gemeente sukkel.)
- **2 Korinthiërs** - Wys 'n 2 met jou wysvinger en middelvinger en slaan dan met jou regterhand jou linkerhand asof jy pak gee. (Kerngedagte: Anatomy of an apostle Paulus skryf aan die gemeente om vele verkeerdhede reg te stel waarmee die gemeente sukkel. Paulus beskerm sy apostoliese gesag teen dwaalleraars.)
- **Galasiërs** - Hou jou twee wysvingers oor mekaar in 'n x en skud jou kop nee. (Paulus waarsku die Galasiërs om nie ekstra goed by te voeg by Jesus se verlossingsdaad nie. Jesus het gelowiges verlos uit die boeie van godsdienstigheid en wettisisme. Vrygemaak van die leuen dat jy jouself kan red)
- **Efesiërs** - Hou jou twee wysvingers op en vleg hulle inmekaar. (Christene moet 'n eenheid vorm en saamwerk.)
- **Filippense** - Wys na jou gesig en glimlag. (*happily humble* - In Jesus is ons vreugde.)

**Ysbreker 1: Simon Says** - Speel 'n klompie rondtes Simon Says met die kinders. Maak seker dat jy mooi beklemtoon dat die kinders mooi moet luister na wat jy sê en dan presies moet maak soos jy sê.

**Ysbreker 2: Blinde Maize** - Gee vir elke 'n kind 'n blinddoek om aan te sit. Elke kind kry ook 'n maize en koki. Laat hulle die blinddoeke aansit voordat hulle met die maize begin. Die groepleier moet nou elkeen se hande by die beginpunt van die maize sit. Deur slegs na hulle groepleiers se instruksies te luister, moet hulle probeer om die maize te voltooi. (Die Blinde Maize is gevind by Meaningful Mama) <https://meaningfulmama.com/>

**Sê:** Julle moes darem vandag fyn geluister het . Hierdie speletjies was nou nie net om te kyk of julle ore goed werk nie. Dis eintlik bedoel om julle te wys wat ons volgende groot woord in die Bybel is. Die woordjie is gehoorsaamheid. Wie dink hulle weet wat gehoorsaamheid beteken?

Julle moes met Simon Says en die Maize baie mooi geluister het en dan presies gedoen het soos wat ek gesê het. As julle gedoen het soos ek gesê het, dan was julle gehoorsaam.

Vandag wil ek vir julle van iemand in die Bybel vertel wat ook gehoorsaam was. Hy is die eerste persoon in die Bybel wat 'n vriend van God genoem is. Sy naam was Abram. Wie het al van Abram gehoor?

Kom ons luister na die storie.

### **Storietyd: Die Here roep vir Abram**

Terwyl Abram in Haran gebly het, het hy die Here nog nie geken nie. Maar die Here het hom geken! Eendag het die Here vir Abram gesê: "Abram, Ek wil hê jy moet wegtrek van hier af. Gaan uit jou land uit. Los jou familie en selfs jou gesin net so. Gaan na die land toe wat ek jou sal wys. Wees verseker; Jy gaan nog 'n groot familie hê, want Ek gaan vir jou sorg. Ek gaan goed wees vir jou dat jy weer vir ander mense van My kan vertel. Ek sal vriendelik wees met mense wat met jou vriendelik is. Maar as mense nie van jou hou nie, sal Ek ook nie van hulle hou nie."

#### **Vra:**

- Wie van julle moes al trek na 'n ander huis of dalk 'n ander skool? Hoe was dit vir julle?
- Wat sou julle vir mamma of pappa sê as hulle nou skielik sê julle gaan na 'n ander huis ver van hier af trek?
- Wat sal julle hartseer wees om agter te los as julle moet trek?
- Hoe dink julle sal dit voel om te trek en nie weer enige van julle maatjies te sien nie? Onthou dat Abram nie 'n selfoon gehad het nie. Toe hy getrek het, sou hy nie sommer weer sy vriende gesien het nie.
- Dink julle dat Abraham gehoorsaam was toe hy na God geluister het en sy familie gelos het om na 'n land toe te trek waar hy nog nooit was nie?

Kom ons hoor of hy gehoorsaam aan God was.

Abram het gemaak presies soos die Here hom beveel het. Hy het alles net so laat staan en weggetrek.

Abram het geluister na God. Hy was gehoorsaam aan God. Kom ons trek dan ook soos Abram voordat ons verder luister na die storie.

**Aktiwiteit: Die trek oor die vloer:** Deel die groep in twee gelyke groepe op en laat hulle in rye staan. Gee vir elke kind twee stukke koerant papier. Die kinders moet nou een vir een met

net die twee stukke koerantpapier van die een kant na die ander kant van die vertrek "trek" soos Abram. Kyk watter groep eerste klaar is.

Abram se neef Lot het ook saam met hom gegaan. Abram was 75 jaar oud toe hulle getrek het. Abram het sy vrou, Sarai, en al sy besittings, ook die mense wat vir hom gewerk het, gevat. Hulle is toe weg na Kanaän toe.

Toe hulle by die regte plek aankom, gee die Here vir Abram wonderlike nuus: "Jou vrou sal vir jou 'n seun gee wat baie konings as afstammelinge sal hê." (Dit beteken sy agter agter agter kleinkinders) Abraham het sy seun Isak genoem.

Abraham en Sara was baie lief vir klein Isak. God het Abraham, Sara en Isak geseën.

Verhaal geneem uit die [Bybel@kinders.co.za](mailto:Bybel@kinders.co.za), bl24-25, Redakteur Hennie Stander

Maatjies, kan julle sien hoekom Abraham 'n vriend van God genoem word? Hy was darem maar 'n baie gehoorsame man. Ek het julle net 'n klein deel van sy verhaal vertel. Daar is nog baie wat ons kan leer van Abraham en hoe gehoorsaam hy aan God was.

- Sou julle trek as God vir julle sê om te trek?

Al mag God ons dalk nie vra om na 'n vreemde land te trek soos Abraham nie, is daar dinge wat Hy wel vir ons vra om vir Hom te doen. Wanneer ons mooi na God luister en gehoorsaam is, sal ons sien hoe wonderlike dinge gebeur. Ons kan deur ons gehoorsaamheid ander mense na Jesus toe lei. Ons kan ook weet dat God ons help met die dinge wat Hy ons vra om vir Hom te doen.

- Sal julle so gehoorsaam soos Abraham kan wees?

Groepe sluit af met gebed.